
# BOTRYNIL



BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY
BOTRYNIL SC
FUNGICIDE
Reg. No. L8271, Act/Wet No. 36 of/van 1947
Namibian Reg. No. N-AR 1552
1: 13/10/2008
A suspension concentrate, contact and translaminar fungicide for the control of diseases on crops as listed.
'n Suspensiekonsentraat, kontak en translaminêre swamdoder vir die beheer van swamsiektes op gewasse soos aangedui.
FRAC FUNGICIDE GROUP CODE | 9 | FRAC SWAMDODERGROEPKODE
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL
Pyrimethanil (aniline derivative) 400 g/ℓ Pirimetaniel (anilienderivaat)
Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. 2000/010819/07
P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid- Afrika
5ℓ
UN Number: NA
Meridian agritech
CAUTION / VERSIGTIG
DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED
Batch Number
Date of manufacture
REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG
GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
Lotnommer
Datum van vervaardiging
VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

**WARNINGS**

**Allow the following number of days between last treatment and harvest or use as food or feed:**

Grapes……………………………………………………………………………………………………35 days
Apples (Pre-harvest treatment only) …………………………………………………….…………….14 days
Stone fruit (apricots, nectarines, peaches and plums) …………………...…………….…………...3 days

IMPORTANT: The recommended withholding periods between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements.

- Handle with care.
- Harmful by contact, swallowing and inhalation.
- Harmful to fish and wildlife.
- Store under lock and key in a cool, dry place. Protect from sunlight.
- Store away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **BOTRYNIL** has been tested on the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in future which need to be tested; for this apply **BOTRYNIL** to a limited test area before commercial applications are made.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore, does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

**PRECAUTIONS**

- Wear protective gloves when handling the concentrate.
- Avoid skin and eye contact by wearing protective clothing when mixing the product. Should eye contact occur, flush with plenty of water and get medical attention if necessary.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact, as well as contaminated clothing.
- Wash contaminated clothing after use.
- When spraying, avoid contact with skin and inhalation of spray mist.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product, or before washing hands and face.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the empty container by perforation and flattening.
- Do not use the empty container for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

**RESISTANCE WARNING**

For resistance management, **BOTRYNIL** is a group code 9 fungicide. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **BOTRYNIL** and other group code 9 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the disease population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **BOTRYNIL** or any other group code 9 fungicide.

**To delay fungicide resistance:**

- Avoid exclusive, repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes.
- A spray programme of mixtures, or alternations with remedies with a different mode of action, may delay resistant strain build-up.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

**Resistance management in vineyards**:

- Apply a maximum of two **BOTRYNIL** treatments per vineyard per season.
- Should two treatments of **BOTRYNIL** be applied, do not apply treatments consecutively.
- Alternate **BOTRYNIL** treatments with registered botryticides that use a different mode of action.

For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product. Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **BOTRYNIL** as recommended, a resistant strain may be present. If a resistant strain is positively identified, consideration should be given to prompt use of a fungicide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant disease.

## USE RESTRICTIONS

- The uptake and activity of systemic compounds can be reduced when crops are under severe drought and/or nutrient stress conditions. Therefore, do not apply **BOTRYNIL** under such conditions.
- Spray programmes with **BOTRYNIL** should commence before disease/s become established.
- Do not apply **BOTRYNIL** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.
- Only apply **BOTRYNIL** using an accurate and safe application technique.
- If **BOTRYNIL** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.

## DIRECTIONS FOR USE

**Use only as directed.**

## MIXING INSTRUCTIONS

Half-fill the spray tank with suitable water. Shake the **BOTRYNIL** container vigorously before opening. Add the required amount of **BOTRYNIL** to 10 ℓ water and prepare a pre-mix. If other products are to be tank mixed with **BOTRYNIL**, pre-mix in the same way. Add the pre-mixed products to the tank while agitating. Fill the spray tank to the desired volume. Do not use brackish water. Should tank mixtures with other products be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank**. Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

## COMPATIBILITY

The compatibility of **BOTRYNIL** with other products depends on the formulations of the respective products, as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time, it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. **BOTRYNIL** is compatible with most agricultural remedies normally used on vines. **BOTRYNIL** is not compatible with aluminium-containing products. Do not use adjuvants in conjunction with **BOTRYNIL**.

## APPLICATION METHODS

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application. **BOTRYNIL** can be applied with conventional tractor boom sprayers as well as high volume mist blowers. **Constant agitation throughout the spray operation is essential**. Only clean water should be used. Measure the concentration of **BOTRYNIL** in treating solutions periodically in order to maintain the recommended level of the active ingredient.

**RECOMMENDATIONS**

| CROP/DISEASE | APPLICATION RATE/ha or as indicated | REMARKS |
|---|---|---|
| **Apples and Pears**<br>Post-harvest decay:<br>Grey mould (*Botrytis cinerea)* and Blue mould (*Penicillium expansum)*<br><br>Post-harvest treatment | 125 mℓ / 100 ℓ water as a dip treatment.<br>(500 ppm pyrimethanil) | Before treatment with **BOTRYNIL, t**he fruit must be thoroughly rinsed and disinfected as per standard procedures**.**<br>Apply **BOTRYNIL** suspension as either a drench or dip treatment, ensuring contact with the fruit for at least 2 minutes. Do not rinse the fruit after treatment. Fruit must be treated as soon as possible after harvesting.<br><br>To top up tanks, add 125 mℓ **BOTRYNIL** for every 100 ℓ of water added. Measure the concentration of **BOTRYNIL** in treating solutions periodically in order to maintain the recommended level of the active ingredient. |
| Pre-harvest treatment<br>(Apples only) | 2 ℓ / ha | Apply as a high volume, full cover spray to orchards 14 days before harvest. Ensure thorough wetting of the fruit. |
| **Citrus**<br><br>Post-harvest decay:<br>Green mould (*Penicillium digitatum*) including **Imazalil-resistant** *Penicillium* populations | 250 mℓ / 100 ℓ water<br>(1000 ppm pyrimethanil) | Before treatment with **BOTRYNIL,** the fruit must be thoroughly rinsed and disinfected as per standard procedures**.**<br>Apply **BOTRYNIL** suspension as either a drench or dip treatment, using ambient or hot water. Ensure contact with the fruit for at least 2 minutes. **<u>Do not use hot water when treating Lemons as this will exceed The Maximum Residue Limits.</u>**<br>Do not rinse fruit after treatment.<br>Fruit must be treated as soon as possible after harvesting.<br><br>To top up tanks, add 125 mℓ **BOTRYNIL** for every 100 ℓ of water added. Measure the concentration of **BOTRYNIL** in treating solutions periodically in order to maintain the recommended level of the active ingredient.<br><br>The use of **BOTRYNIL** is highly recommended for use against populations that are Imazalil and *Penicillium* resistant. |

| | | |
|---|---|---|
| **Wine and Table Grapes**<br><br>Grey mould (*Botrytis cinerea*) | 120 mℓ / 100 ℓ | Apply in 1000 – 1500 ℓ of water/ha as a high volume, full cover spray.<br>Should 3 sprays or less be applied to control *Botrytis* per season, **BOTRYNIL** may be applied only once, i.e. **BOTRYNIL** must not be the last botryticide applied for the season.<br>Should more than 3 sprays be applied to control *Botrytis* per season, **BOTRYNIL** may be applied twice but not consecutively.<br>See **RESISTANCE WARNINGS** above.<br><br>Always include alternative remedies in the total spray programme which will effectively control grey mould. Alternate **BOTRYNIL** treatments with botryticides with another mode of action such as: Cyprocide WG (L 9058), Valeo 500SC (L 9086) or Zimbo (L 9429).<br>Always spray every row from both sides.<br>Summer pruning of grapes is recommended to improve spray penetration and coverage. |
| **Stone fruit**<br>(Apricots, Nectarines, Peaches and Plums)<br><br>Post-harvest decay:<br>*Botrytis* spp.<br>*Monilinia* spp. | 2 ℓ / ha | Apply as a single application, high volume, full cover spray of **BOTRYNIL,** 3 days before harvest. Ensure thorough wetting of the fruit. |

**ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS**

| | |
|---|---|
| Cyprocide WG (L 9058) | Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. |
| Valeo 500 SC (L 9084) | Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. |
| Zimbo (L 9429) | Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. |

**WAARSKUWINGS**

**Laat die volgende aantal dae toe tussen die laaste behandeling en oes, of vir gebruik as voedsel of voer:**

Druiwe………………………………………………………………………………………….….35 dae
Appels (Slegs as ‘n voor-oes behandeling)……………………………..…………………....…14 dae
Steenvrugte (appelkose, nektariens, perskes en pruime)…………………...………………………...3 dae

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiodes tussen laaste toediening en oes is voldoende vir plaaslike residu-vereistes, maar mag dalk nie vir uitvoervereistes voldoende wees nie.

- Hanteer versigtig.
- Skadelik deur velkontak, en as die produk ingesluk of ingeasem word.
- Skadelik vir visse en wildlewe.
- Bêre agter slot-en-grendel in ‘n koel, droë plek. Hou weg van sonlig.
- Bêre weg van voedsel, voer, kunsmis en ander landbouprodukte.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **BOTRYNIL** is getoets op die belangrikste kommersiële kultivars sonder enige fitotoksisiteitskade. Meer gevoelige kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat getoets moet word; in sulke gevalle, dien **BOTRYNIL** toe op ‘n beperkte area, alvorens dit kommersiëel gebruik gaan word.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORGMAATREËLS**

- Dra beskermende handskoene wanneer die produk hanteer word.
- Vermy kontak met die vel en oë deur beskermende klere te dra wanneer die produk gemeng word. Indien dit in die oë kom, spoel uit met groot hoeveelhede water en verkry mediese advies indien nodig.
- Was met seep en koue water onmiddellik na gebruik en toevallige velkontak.
- Was besoedelde klere onmiddellik na gebruik.
- Tydens bespuiting moet velkontak vermy word, asook die inaseming van die spuitnewel.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig eers gewas is nie.
- Vermy wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Uitspoelwater moet nie gewasse, weidings, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Leë houers moet drie keer uitgespoel word soos volg: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die houer daarna **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk en vernietig die houer deur gate daarin te maak en dit plat te slaan.
- Moet die leë houer vir geen ander doel gebruik nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**WEERSTANDSWAARSKUWING**

Vir weerstandsbestuur is **BOTRYNIL** ‘n groepkode 9 swamdoder. Enige swampopulasie mag individue hê wat ‘n natuurlike weerstand teen **BOTRYNIL** en enige ander groepkode 9 swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die

siekte-populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **BOTRYNIL** of enige ander groepkode 9 swamdoder beheer word nie.

**Om weerstand teen swamdoders te vertraag:**

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde swamdodergroepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, geregistreerde produkte in ander swamdodergroepkodes.
- ‘n Spuitprogram wat uit tenkmengsels bestaan, of produkte met ‘n ander metode van werking, mag die weerstand teen swamdoders vertraag.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in siektebeheerprogramme.

**Weerstandsbestuur in wingerde:**

- ‘n Maksimum van twee **BOTRYNIL** behandelings per wingerd per seisoen mag toegedien word.
- Indien twee **BOTRYNIL** behandelings toegedien word, moet dit nie agtereenvolgend toegedien word nie.
- Wissel **BOTRYNIL** af met ander geregistreerde botrytis-swamdoders wat verskillende metodes van werking het.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk. Aangesien die voorkoms van weerstandbiedendheid nie voorspel kan word nie, word aanbeveel dat behandelde gewasse noukeurig gemoniteer word. Indien bevredigende resultate nie na die korrekte gebruik van **BOTRYNIL** behaal is nie, mag weerstandbiedende individue in die swampopulasie teenwoordig wees. Indien weerstandigheid positief bevestig is, moet ernstige oorweging geskenk word aan die onmiddellike gebruik van ‘n produk met ‘n ander metode van werking, waarteen weerstandigheid van die betrokke swamsiekte, nie bevestig is nie.

**GEBRUIKSBEPERKINGS**

- Die opname en aktiwiteit van sistemiese swamdoders kan verlaag word wanneer gewasse onder ernstige droogte- en/of voedingstremmingtoestande verkeer. Daarom moet **BOTRYNIL** nie onder sulke omstandighede toegedien word nie.
- Begin spuitprogramme met **BOTRYNIL** voordat die siekte/s gevestig word.
- Moet nie **BOTRYNIL** toedien op enige gewas of situasie wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy ‘n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Dien **BOTRYNIL** slegs met akkurate en veilige toedieningsmetodes toe.
- Indien **BOTRYNIL** met ander voorgeskrewe middels in tenkmengsels gebruik word, moet die gebruiksbeperkings van die betrokke produkte in ag geneem word.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
**Gebruik slegs soos aangedui.**

**MENGINSTRUKSIES**

Maak die spuittenk halfvol met geskikte water. Skud die **BOTRYNIL** houer goed voordat dit oopgemaak word. Voeg die benodigde hoeveelheid **BOTRYNIL** by 10 ℓ water om ‘n voormengsel op te maak. Indien ander produkte saam gespuit gaan word, maak ‘n soortgelyke voormengsel op met die ander middels. Voeg die voormengsel in die tenk terwyl die water aanhoudend geroer word. Maak die spuittenk tot by die verlangde volume vol. Moet nie brakwater gebruik nie. As tenkmengsels met ander produkte gemaak word, moet die spesifieke vervaardiger se etiketaanbevelings gevolg word. **Die tenkmengsel moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.** Die spuittoerusting moet aan die einde van toediening deeglik uitgewas word.

**VERENIGBAARHEID**

Die verenigbaarheid van **BOTRYNIL** met ander produkte sal van die formulerings van die onderskeie produkte afhang, asook van die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Soos formulerings van tyd tot tyd verander, is dit raadsaam om eers ‘n fisiese verenigbaarheidstoets te doen, voordat

tenkmengsels gemaak word. **BOTRYNIL** is verenigbaar met die meeste landboumiddels wat normaalweg op wingerde gebruik word. **BOTRYNIL** is nie met aluminiumbevattende middels verenigbaar nie. Moet nie bymiddels saam met **BOTRYNIL** gebruik nie.

**TOEDIENINGSMETODES**

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en monitor gereeld om te verseker dat die toediening egalig en akkuraat is. **BOTRYNIL** kan met konvensionele trekker-balkspuite of hoë-volume-misblasers toegedien word. **Konstante roering moet tydens die spuitproses gehandhaaf word.** Slegs skoon water moet gebruik word. Van tyd tot tyd moet die **BOTRYNIL**-konsentrasie in die behandelde-oplossings (tenke) gemeet word om te verseker dat die aanbevole vlak van die aktiewe bestanddeel gehandhaaf word.

**AANBEVELINGS**

| GEWAS/SIEKTE | DOSIS/ha of soos aangedui | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **Appels en Pere**<br><br>Na-oes bederf:<br>Vaalvrot (*Botrytis cinerea*)<br>Blouskimmel (*Penicillium expansum*)<br><br>Na-oes behandeling | 125 mℓ / 100 ℓ water as 'n doopbehandeling.<br>(500 dpm pirimetaniel) | Alvorens met die **BOTRYNIL**- behandeling begin word, moet die vrugte deeglik afgespoel en volgens standaardprosedures ontsmet word.<br>Dien **BOTRYNIL**-suspensie toe as 'n deurdrenking- of doopbehandeling en verseker kontak met die vrugte vir ten minste 2 minute.<br>Moenie vrugte na behandeling afspoel nie.<br>Vrugte moet so gou as moontlik na oes behandel word.<br><br>Om tenke op te vul, gooi 125 mℓ **BOTRYNIL** by elke 100 ℓ water. Die konsentrasie **BOTRYNIL** in die tenke moet van tyd tot tyd gemeet word om te verseker dat die aanbevole vlak van die aktiewe bestanddeel gehandhaaf word. |
| Voor-oes behandeling<br>(Slegs appels) | 2 ℓ / ha | Dien toe as 'n hoë-volume, vol-dekbespuiting in boorde, 14 dae voor oes. Verseker deeglike benatting van die vrugte. |
| **Sitrus**<br><br>Na-oes bederf:<br>Groenskimmel (*Penicillium digitatum*) insluitende **Imazalil-weerstandbiedende** *Penicillium*-populasies | 250 mℓ / 100 ℓ water<br>(1000 dpm pirimetaniel) | Alvorens met die **BOTRYNIL**- behandeling begin word, moet die vrugte deeglik afgespoel en volgens standaardprosedures ontsmet word.<br>Dien **BOTRYNIL**-suspensie toe as 'n deurdrenking- of doopbehandeling in warm- of kamertemperatuur-water. Verseker kontak met die vrugte vir ten minste 2 minute. **Moet nie warmwaterbehandeling by Suurlemoene gebruik nie, want Maksimum Residuvlakke kan oorskry word.**<br>Moenie vrugte na behandeling afspoel nie.<br>Vrugte moet so gou as moontlik na oes behandel word.<br><br>Om tenke op te vul, gooi 125 mℓ **BOTRYNIL** by elke 100 ℓ water. Die konsentrasie **BOTRYNIL** in die tenke moet van tyd tot tyd gemeet word om te verseker dat die aanbevole vlak van die aktiewe bestanddeel gehandhaaf word. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Die gebruik van **BOTRYNIL** word hoogs aanbeveel teen populasies wat Imazalil en *Penicillium* weerstandbiedend is. |
| **Wyn- en Tafeldruiwe**<br><br>Vaalvrot (*Botrytis cinerea*) | 120 mℓ / 100 ℓ | Dien toe in 1000 - 1500 ℓ water/ha as 'n hoë-volume vol-dekbespuiting.<br>Indien 3 bespuitings of minder per seisoen toegedien word om *Botrytis* te beheer, mag **BOTRYNIL** slegs een keer toegedien word en mag **BOTRYNIL** nie die laaste *botrytis*-behandeling wees nie.<br>Indien daar meer as 3 bespuitings per seisoen toegedien gaan word om *Botrytis* te beheer, mag **BOTRYNIL** twee keer toegedien word, maar nie opeenvolgend nie.<br><br>Sluit altyd alternatiewe middels in die totale spuitprogram in wat grysskimmel effektief sal beheer. Wissel **BOTRYNIL** af met ander botrytismiddels met 'n ander metode van werking soos Cyprocide WG (L9058); Valeo 500SC (L 9086) of Zimbo (L 9429).<br><br>Spuit altyd elke ry van beide kante.<br>Loofbeheer in die somer word aanbeveel om penetrasie en bedekking van die spuitmengsel te verbeter. |
| **Steenvrugte**<br>(Appelkose, Nektariens, Perskes en Pruime)<br><br>Na-oes bederf:<br>*Botrytis spp.*<br>*Molinia spp.* | 2 ℓ / Ha | Dien toe as 'n enkele hoë-volume, vol-dekbespuiting van **BOTRYNIL**, 3 dae voor oes. Verseker deeglike benatting van die vrugte. |

**ERKENNING VAN HANDELSMERKE**

| | |
|---|---|
| Cyprocide WG (L 9058) | Meridian Agrochemical Company (Edms.)Bpk. |
| Valeo 500 SC (L 9084) | Meridian Agrochemical Company (Edms.)Bpk |
| Zimbo (L 9429) | Meridian Agrochemical Company (Edms.)Bpk |